Boodskap van Absa AgriBesigheid

ABSA EN SIMMENTALER/SIMBRA - 'N DOELGERIGTE VENNOOTSKAP

Daar is baie meer ooreenkomste tussen boerdery en die bankwese as wat 'n mens dink: Albei funksioneer in 'n onsekere eksterne omgewing, albei streef na wins op hulle beleggings en albei besef dat 'n mens eers baie moet insit, voordat jy enige iets uitkry.

Sou dit dan nie sin maak vir boer en bankier om as vennote 'n onsekere toekoms aan te pak nie? Daarom het Simmentaler/Simbra en Absa AgriBesigheid besluit om hulle kragte saam te span om die uitdagings van die landbousektor die hoof te bied.

Absa AgriBesigheid is reeds vir jare 'n leier op die gebied van landbou-finansiering. 'n Toegewyde span verhoudingsbestuurders en agri-spesialiste ondersteun die landbouer deur middel van die verskaffing van dienste soos strategiese beplanning, lewensvatbaarheidstudies, winsbestuur, finansieringsopsies, kontantvloeibeplanning en enige ander finansiële behoeftes wat die boer mag hê.

Daar is vele uitdagings en probleme wat die hedendaagse landbouer moet hanteer indien hy suksesvol wil boer. Veranderende klimaatspatrone, politieke en arbeidskwessies, sowel as 'n wisselvallige handelsomgewing, is alles struikelblokke in die pad van die boer, wat hy reg moet bestuur indien hy sukses wil behaal. Absa Agri-Besigheid verstaan hierdie uitdagings. Hulle opgeleide verhoudingsbestuurders sal die boer help om sy spesifieke besigheidsbehoeftes te identifiseer. Hulle kan ook die gepaste finansiële oplossings aanbied. Danksy 'n reeks innoverende produkte en oplossings, kan die kliënt ten volle op sy boerdery fokus, terwyl Absa sy geldsake behartig.

Enige beesboer, wat lid van die Simbra/Simmentaler Beestelergenootskap is, weet natuurlik lank reeds van die positiewe bydrae wat die Genootskap tot enige beesboerdery maak. Die Genootskap streef daarna om lede se winsgewendheid en produktiwiteit te verhoog, danksy die produkte en dienste wat die Genootskap lewer.

'n Toegewyde span is altyd gereed om die beesboer by te staan met raad, inligting en opleiding regoor Suid-Afrika, en selfs buite ons land se grense, ten einde die Simmentaler/Simbra-ras uit te bou en waarde vir ons lede toe te voeg.

Saam wil Simbra/Simmentaler en Absa AgriBesigeid die beesboer help om welvaart te skep. 'n Gesonde landbousektor is immers 'n onontbeerlike vereiste vir 'n voorspoedige en welvarende Suid-Afrika. Daarom wil hierdie twee vennote graag 'n bydrae lewer tot die suksesvolle funksionering van hierdie belangrike sektor.

Simbra/Simmentaler en Absa Agri-Besigheid - die beesboer se beste vriende!

Member of BARCLAYS

Absa Bank Ltd Reg No 1986/004794/06 Authorised Financial Services Provider Registered Credit Provider Reg No NCRCP7 Company Information: absa.co.za